

Skriflesing: Johannes 7:1-9; Handeling 1:12-14; Galasiërs 1:11-19

Teks: **1 Korintiërs 15:7**

Sing: VOORAF SANG- Ps. 20:2,4,5

TYDENS EREDIENS- Ps. 122:1; Ps. 119:7; Ps. 97:1,7; Ps. 90:7,9; Ps. 134:4

Johannes 7:1-9

Joh 7:1 Hierna het Jesus in Galilea rondgegaan. In Judea wou Hy dit nie doen nie, omdat die Jode daar Hom wou doodmaak.

Joh 7:2 Maar die huttefees van die Jode was naby.

Joh 7:3 Jesus se broers sê toe vir Hom: "Gaan 'n bietjie hiervandaan na Judea toe dat jou dissipels daar ook die wonderdade kan sien wat jy doen.

Joh 7:4 'n Mens wat oral bekend wil wees, doen nie iets in die geheim nie. Aangesien jy dan hierdie dinge doen, maak jou openlik aan die wêreld bekend."

Joh 7:5 **Selfs sy broers het nie in Hom geglo nie.**

Joh 7:6 Jesus sê toe vir hulle: "Vir My het die tyd nog nie gekom nie, maar vir julle is enige tyd reg.

Joh 7:7 Die wêreld kan vir julle nie haat nie; maar hy haat My, omdat Ek openlik verklaar dat sy dae sleg is.

Joh 7:8 Gaan julle maar fees toe. Ek gaan nie na hierdie fees toe nie, omdat die tyd vir My nog nie reg is nie."

Joh 7:9 Dit het Hy vir hulle gesê, en Hy het daar in Galilea gebly.

Handeling 1:12-14

Act 1:12 Daarna het hulle na Jerusalem toe teruggegaan van die berg af. Dit is die Olyfberg, vlak by die stad, 'n sabbatsreis ver.

Act 1:13 In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het. Dit was Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot en Judas seun van Jakobus.

Act 1:14 Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.

Galasiërs 1:11-19

Gal 1:11 Dit moet julle goed besef, broers: die evangelie wat ek verkondig, is nie deur 'n mens uitgedink nie.

Gal 1:12 Ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer nie. Intendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee.

Gal 1:13 Julle het immers gehoor van my optrede toe ek destyds nog 'n aanhanger van die Joodse leer was. Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer uitroei.

Gal 1:14 En in die Joodse leer het ek onder my volksgenote bo baie van my leeftyd uitgestyg, want ek was 'n fanatieke yweraar vir die oorgelewerde leer van my voorvaders.

Gal 1:15 Maar God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder, en Hy het my in sy genade geroep. Toe Hy in sy goedheid besluit het

Gal 1:16 om sy Seun aan my te openbaar sodat ek die evangelie oor Hom onder die heidennasies sou verkondig, het ek nie dadelik daarna mense geraadpleeg

Gal 1:17 of Jerusalem toe gegaan na dié wat voor my al apostels was nie. Nee, ek is Arabië toe, en daarvandaan het ek teruggekom Damaskus toe.

Gal 1:18 Eers drie jaar later het ek Jerusalem toe gegaan om met Sefas kennis te maak, en ek het twee weke by hom gebly.

Gal 1:19 **Van die ander apostels het ek niemand ontmoet nie behalwe Jakobus die broer van die Here.**

1 Korintiërs 15:7

1Co 15:7 **Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels.**

Skriflesing: Johannes 7:1-9; Handeling 1:12-14; Galasiërs 1:11-19

Teks: **1 Korintiërs 15:7**

Sing: VOORAF SANG- Ps. 20:2,4,5

TYDENS EREDIENS- Ps. 122:1; Ps. 119:7; Ps. 97:1,7; Ps. 90:7,9; Ps. 134:4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons kom by die voorlaaste preek uit die reeks van 10 verskyninge wat Jesus ná sy opstanding in daardie 40 dae vóór Hy na die hemel opgevaar het. Vandag dan die negende verskyning. In die reeks is ons elke keer gebring by belangrike sake wat in ons elke dag se geloofslawe ook gesien en mee gewerk moet word. As ons ook vandag 'n ouderling bevestig, hoe belangrik is elk van hierdie dinge nie ook in 'n ouderling se lewe nie?! Die eerste verskyning was aan die jongvrou Maria Magdalena by wie die Here 'n keer demone uit haar uitgedryf het. In hierdie verskyning het ons gesien hoe belangrik geloofsgroei in ons lewens moet wees.

Die tweede verskyning was aan 'n hele groep vroue (Matt. 28:1-10). Daarin het ons weer gesien die belangrikheid van geloofsvreugde wat daar by ons moet wees. Die derde verskyning aan Simon Petrus herinner ons aan vandag se verskyning omdat ons eintlik so min besonderhede het wat daar regtig gebeur en wat daar regtig gesê is. Wel het die Here by hierdie verskyning vir ons duidelik gemaak hoe groot Sy liefde vir ons as sondaarmense is. Petrus wat die Here verloën het, drie maal verloën, die Here vergewe Hom volkome, die Here vra Hom ook direk by 'n latere verskyning of Hy werklik lief is vir die Here.

Die vierde verskyning aan daardie twee manne die laat Sondagnmiddag van die opstanding, ons noem hulle ook die Emmaüsgangers, deur hulle het die Here vir ons dit baie duidelik wou maak hoe belangrik is die ware lewensbeskouing is wat daar ook by jou en my moet wees. Ook die lewensbeskouing in besonder van hom wat vandag in die amp van ouderling bevestig gaan word. M.a.w. hoe kyk jy na die lewe, soek ek werklik die lewe by Hom wat die lewe is. In my lewensbeskouing moet ek by Christus begin en by Hom eindig anders het ek nie die lewe nie. Ons moet kan raaksien hoe die hele Skrif eintlik op Christus betrekking het, die Ou en die Nuwe Testament. Jesus het vir die twee manne uitgelê al die gedeeltes wat op sy koms en werk betrekking het. As my lewe nie in Christus saamtrek nie dan is ek verlore. Die twee manne het die lewe kon sien toe Jesus voor hulle oë die brood gebreek het, daar moet jou en my lewensbeskouing ook só in Hom saamtrek, op elke terrein van die lewe. In jou persoonlike lewe,

in jou werk, in hoe jy besigheid doen, in die politiek, die maatskaplike lewe, die ekonomie, niks kan losgemaak word van jou en my lewens en wêreldbeskouing nie.

Die vyfde verskyning was laat daardie Sondag-nag van die opstanding toe die 10 dissipels, ja Thomas was afwesig, daar in die bovertrek saam was, bang was en die deur dig gesluit was. Klompie vroue was ook saam met hulle. In hierdie verskyning hoor ons Jesus die besondere klem plaas op die geloofsvrede wat daar ook by jou en my moet wees. Aangrypend om uit die mond van die Here dit te kon hoor, *Shaloom...* vrede vir julle. Die Here herhaal dit in die gedeelte aanmekaar ... hierdie vredes-aspek.

Die sesde verskyning was die volgende Sondag na die vyfde verskyning, toe was Thomas ook teenwoordig. Hy wat gesê het hy sal nie glo voor hy nie sy hande en sy vingers in die oop plekke van die spyker wonde van die kruis kon insteek nie. By hierdie verskyning moes ons alreeds 'n klemverskuiwing begin raaksien het in wat in die reeks van verskyninge aan die gebeur was. Die eerste vyf verskyninge was as't ware dinge wat eerste van die Here afkom en ons moet daarop kan reageer. Hoe reageer ek op as daar groei in my geloof kan wees, hoe reageer ek op die vreugde wat daar kan wees, hoe reageer ek op die liefde wat God my skenk, hoe antwoord ek daarop as God die regte lewensbeskouing vir my oopmaak en laat raaksien, ja hoe reageer ek op die vrede wat God jou wil skenk.

Wanneer die sesde verskyning gebeur begin dit oorbeweeg nie net ná die dinge wat God ons skenk nie, maar daar moet iets van 'n vrug in ons geloof wees. Daar moet tog geloofswerke ook wees in reaksie op alles wat God vir ons gedoen het. By Thomas maak die Here dit duidelik dat die eerste werk wat die Here ook van jou en my kan verwag is daar moet 'n ware belydenis in jou lewe wees. *MY HERE EN MY GOD* was Thomas se belydenis. Jy moet ook vandag kan bely Wie die Here waarlik vir jou is. Al was Thomas so twyfelagtig, al was hy só stadig om te glo, hy wil eers met sy hande en die vingers in die seer van die Here se liggaam indring. By die verskyning sê die Here vir hom reguit, bring jou hande, bring jou vingers, steek dit in my sy. Moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig. Thomas antwoord met hierdie belydenis wat ons sy besondere geloofswerk noem, *my Here en my God*.

Die volgende groot geloofswerk wat daar ook by ons moet wees, is toe die dissipels die hele nag deur hard gewerk het, niks gevang het nie. Hulle eie harde werk het hulle niks daardie nag gebaat nie. Hulle sien die Man op die strand, Hy wat vroeër al vir hulle gesê het, hulle sal moet word vissers van mense en sal nie meer kan wees vissers van visse nie. Daardie nag vang hulle niks, maar as Jesus sê gooi die net aan die regterkant, dan maak hulle die vangs wat die visse in totaal 153 visse was. Tog verwag die Here van hulle dat hulle nie sal kan wegkom van die roeping wat gesê het, van nou as sal julle mense vang. Roeping is nie iets wat ek van kan wegvlug of ek mag dit ook nie versaak nie. Ook wanneer ek in die besondere ampte staan en 'n broeder ook vandag weer as ouderling bevestig gaan word. Roeping is vir die Here heilig en die Here eis rekenskap daarvan. Ons moet vissers van mense kan wees, dis wat die Kerk elke dag moet weet en moet wees.

Daarom toe ons verlede Sondag gekom het by die agtste verskyning waar die Here 'n groot klomp mense daar by die berg bymekaar gehad het, die broeders was meer as 500 mense, hoeveel in totaal, mans vroue en kinders weet ons nie. Dit is die enigste verskyning wat georganiseer was kan ons ook sê. Jesus het sy dissipels en sy mense aangesê om daar vir Hom te wag. Die Here het hulle daar bestel, is hoe van die vertalings lui. By hierdie agtste verskyning was dit direk in aansluiting by die sewende dat daar in die koninkryk van God hard gewerk sal moet word. Die Here het baie duidelik die grondwet van sy koninkryk vir ons uitgespel- *Mattheus 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.* Hierdie groot opdrag word omvat deur die groot gebod jy moet die Here jou God bó alles liefhê en jou naaste soos jouself. Maar dit word ook omvat deur die groot belofte, dat Jesus aan *Wie alle mag in die hemel en op die aarde behoort, dit ook belowe het as Hy sê ... 20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.*

Die agtste verskyning is inderdaad baie groot en baie omvangryk gewees, daar was ook nogal baie mense teenwoordig. By die negende verskyning waar ons vandag bykom is dit amper of ons nie veel hieroor kan sê nie. Dis asof daar nou 'n groot stilte moet kom. Dis asof die stilte na die vorige verskyning ons amper intrek want hier word net Jakobus betrek en dat die Here

spesifiek ook aan Hom verskyn het. Dit wat in die stilte en eenkant gebeur het, is wat ons hier eintlik verslae laat.

Tog as ons aanvaar hierdie Jakobus was na Jesus se menslike kant, Hy wat God en mens is, was hierdie Jakobus ook 'n kind van Josef en Maria. In die huisgesin was hy die kind net na Jesus gebore. Ons lees in Johannes 7 die baie hartseer feit dat Jesus se eie broers, ja hulle uit sy huisgesin het nie in Hom geglo nie. In Mattheus 13 vers 55 lees ons nogal meer rondom die huisgesin- veral rondom die skinderstories en bespiegeling wat daar by die mense van Jesus se tuisdorp Nasaret dan ook was as ons hulle hoor sê: *55 Is Hy nie die seun van die timmerman nie? Is die naam van sy moeder nie Maria en dié van sy broers Jakobus en Joses en Simon en Judas nie? 56 En sy susters, is hulle nie almal by ons nie? Waar kry Hy dan al hierdie dinge vandaan? 57 En hulle het aanstoot aan Hom geneem ...*

Geliefdes ons weet Jesus se aardse ouers het geleef in groot eenvoud. Hulle was mense wat na aan mekaar sou geleef het. Josef was waarskynlik maar 'n dagloner uit sy timmerman-bestaan. As Jesus later 'n gelykenis vertel van die man wie se huisgesin al laat in hulle huis saam was, hulle het al gaan slaap dan moet ons ons regtig ons die situasie indink soos dit in Jesus se ouers se eie huis was. Dikwels was dit maar 'n een vertrek struktuur en die lede van die huisgesin was tot hierdie ruimte beperk. In die nag slapenstyd dan het al die lede op hulle slaap matjies die hele vertrek vol gelê. In die gelykenis vertel Jesus van die buurman wat dan laat die nag die gesin kom opklop met die versoek dat hy onverwags gaste ontvang het en hy het nie brood hulle aan te bied nie. Hy wat dan wil kom brood leen ontwrig dan in werklikheid die hele gesin as iemand hulle in die nag so kom opklop. Jesus se gelykenis het die besondere punt van vergelyking dat al was dit al laat, al was sy gesin al in-die bed, al het hyself dit nie breed gehad nie, het die man tog opgestaan en vir sy buurman brood gegee.

Uit so 'n huis het Jesus as jongman opgegroeï. Dit was mense in mekaar se leefruimte elke dag en het sulke mense baie nou met mekaar saamgeleef. Dit was as't ware hulle leerskool van die lewe. Die feit maak dinge nog meer hartseer as ons dan besef dat Jakobus het op 'n wyse baie naby Jesus moes opgroeï. Die broer net ná Hom, ja ons kan aanvaar die kinders het ook redelik kort op mekaar sou volg want die oorlewering is wel dat Josef nie 'n hoë ouderdom gehaal het

nie en Maria vroeg reeds in haar lewe as weduwee 'n bestaan moes voer. Om ten minste vier seuns en hoeveel dogters, weet ons nie, groot te maak, sou geen geringe taak vir haar gewees het nie. As daar mense moes wees wat Jesus deur en deur moes geken het dan wil ons aanvaar die mense uit sy eie huisgesin tel onder hulle. Hulle die naaste aan Hom.

Ons kan ons gedagtes selfs verder terugvoer want gesinslede praat tog met mekaar. Ek kan myself dit voorstel dat die res van die kinders hulle ma en pa tog dikwels moes hoor praat het van Jesus se wondergeboorte. Hulle sou hoor van die skare van engele daardie nag in die velde naby Bethlehem. Hulle sou seker ook hoor van die wyse manne, die besondere ster, die vlug na Egipte, dis dinge wat ek my nie kan indink dat in die klein ruimte van hulle ou huisie daarvoor nie gepraat sou word nie?!

Dan gebeur die groot skok wat in ons tyd nie minder skokkend is nie. Sulke groot dinge wat Jesus omring maar sy broers glo nie dat Hy die beloofde Messias is nie. Ook nie sy susters in sy ouerhuis nie. Hulle het sekerlik van Jesus se wonderwerke kon hoor, dalk ook van hulle gesien, maar wil hulle steeds hulle eie koppe volg. Die hardheid van ongeloof en die manier waarop mense hulle ongeloof ten toon stel en kan dryf is in so baie opsigte nie verstaanbaar nie. As Jesus se eie broers en susters in sulke hardheid kon verval wie is ons en die mense in ons tyd dat ons dit nie kan oorkom nie. Ons kry in die media al meer te doen met teoloë wat boeke skryf, veral nou Afrikaanse boeke, wat lyk my 'n tipe van beroemdheid wil verwerf vanweë hulle ongeloof. Om die godslasterlikhede wat op Facebook deur Jean Oosthuizen en van sy volgelinge op tou gesit word verbaas ek my al meer en meer.

As ons die gebeure in Johannes 7 vanuit 'n ander hoek beskou dan maak Jesus se broers tog 'n opmerking wat ons nie net daar kan laat nie. Ek lees die 2020-Vetaling 3 *Sy broers het toe vir Hom gesê: "Vertrek hiervandaan en gaan na Judea, sodat jou dissipels ook die dade wat jy verrig, kan sien. 4 Want niemand doen iets in die geheim en wil dan tog in die openbaar bekend wees nie. Indien jy hierdie dinge wil doen, maak dan jouself aan die wêreld bekend."* Is hulle besig om met Jesus te spot, of wil hulle hê hy moet na die ander groter gebiede uitwyk en eerder daar die wonderwerke begin doen dat hulle dalk daarin kan roem hulle is die Wonderwerker se broers? Hulle optrede is vreemd en nog vreemder die werklike motiewe wat daaragter geskuil

het. Dis wonderwerke wat hulle self gesien het, ongeag pa en ma se besondere vertellings wat Jesus hulle huis ingebring het, maar die feit is hulle het nie geglo nie. Sy broers het nie in hom geglo nie, waarvan Jakobus die voorbok was, kan ons selfs sê!

Dit laat ons maar net nog duideliker beseef om 'n ongelowige in hierdie wêreld te wees is baie makliker as om een te wees wat waarlik glo. Geen wonder die wêreld bevat baie meer ongelowige mense as wat daar gelowiges is. Jesus se eie broer Jakobus het hierdie aanvanklike ongeloof nie vrygespring nie. Waar, wanneer en hoe die Here in Jakobus se lewe begin werk het om die ongeloof om te keer, word ons nie vertel nie.

Daar het in stilte in Jakobus se lewe 'n groot ding gebeur, wat sy lewe omgedraai het. Die Here verrig so dikwels stille arbeid, dat daar in ons lewens ook stille arbeid kan wees. Dink ook maar weer hoe dit rondom Elia gebeur het. Daar was 'n verskriklike wind, in die wind was die Here nie. Daar was 'n aardbewing wat die aarde oopskeur, in die aardbewing was die Here nie. Daar kom 'n verterende vuur wat alles, klip en gras voor Elia kon wegsmeel, maar in die vuur was die Here nie. Toe kom daar 'n sagte windstilte, sommige verwys hierna as 'n sagsuisende stilte en in hierdie stilte was die Here. Elia moet nie altyd die dramatiese met God se teenwoordigheid wil sien nie, sien die Here se teenwoordigheid ook daar in die sagte gesuis van 'n aandkoelte, daar was die Here by Elia. Ek wil dan tog dit vergelyk in so 'n situasie het Jesus aan sy broer, aan die Josef-kind, Jakobus verskyn. Kom bietjie nader my broer, jy met die hart van klip.

Niemand kan daaroor roem nie, niemand hoef te weet wat het werklik die ommekeer in Jakobus se lewe veroorsaak nie. Die feit is sy lewe het verander. Die feit is dat ons vandag wil glo Jesus wou sorg dat een uit sy eie huisgesin, hierdie Jakobus een van die groot medewerkers, aanvanklik die mees prominente ouderling in die Here se Kerk sou moes word. Ons noem hom een van die eerste ouderlinge van die Kerk in Jerusalem, toe die kerk daar in die hoofstad waarlik Kerk moes begin word. Jakobus en die werk wat hy as ouderling sou moes doen het Jesus wou sorg dat Jakobus soos 'n pilaar in Sy kerk sou moes wees, wat die waarheid moet kan dra maar ook in lyn met Matteus 28 is dit 'n waarheid wat Jakobus sou moes uitdra. Ek wil glo dis die dinge wat Jesus met sy broer, maar nou sy mede-arbeider in daardie stille aparte verskyning mee

sou handel. Jy moet vir my 'n pilaar word in die kerk wat nou in Jerusalem ná Pinkster, na die uitstorting van die Heilige Gees as't ware die damwalle na die nuwe bedeling sou oopbreek. Die christendom sou word soos 'n damwal wat breek en dan moet julle steeds die water kan opvang. Jakobus, daar mag niemand van die nuwe gelowiges verlore gaan nie. Die boek Handeling dra die volle getuienis hiervan. Nou moet julle waarlik wees, vissers van mense. Ek kan nie anders as om te glo dis die dinge wat die Here in hierdie stille ontmoeting met sy broer sou afsprek nie!

Paulus skryf later, waar Paulus ná sy bekering ook so bang was om sy gesig in Jerusalem te wys. En toe hy uiteindelik daar aankom, skryf hy in Galasiërs, die enigste ontmoeting wat hy daar in Jerusalem met kollegas, met 'n mede-werkers kon hê was Petrus en dan hierdie Jakobus aan wie die Here afsonderlik verskyn het. Paulus sê dit so duidelik in Galasiërs 1:19 - *Van die ander apostels het ek niemand ontmoet nie behalwe Jakobus die broer van die Here.* Broers het broers in die geloof geword, wat getuig van 'n baie sterker broerskap as die broers in bloedbande gebind. Die bande van die verbond moet vir ons baie sterker kan wees as die bande van bloed.

Dan kom Paulus in Galasiërs 2 en hy noem hierdie Jakobus juis 'n pilaar in die Here se kerk – Galasiërs 2:9 *9 en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfás en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Bárnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan...* Waar het die Here Jakobus nie gebring nie, in sy ou ouerhuisie, naby die mens Jesus was Jakobus 'n ongelowige maar nou wat Hy weet Wie Jesus waarlik is, nou is hy 'n pilaar vir sy broer, 'n pilaar vir sy broer se kerk ... saam met Cefas, m.a.w. Petrus en Johannes was hulle as pilare in die vroeë kerk gereken.

Br. Michiel mag dit vandag wees, jy ook net dit sal wil wees, niks meer nie, niks minder nie. 'n Pilaar vir die Here in Sy kerk. Hier is gewig wat gedra moet word, hier is gewig wat uitgedra moet word.

AMEN